

'n Vreemde verhaal Lukas 2:41-52

<https://www.myjewishlearning.com/article/pilgrimage-festivals/>



I

Dit begin as 'n gewone verhaal. Joodse ouers en hul opgeskote seun wat aan die jaarlikse pelgrimstog na en viering van die Pasga in Jerusalem deelneem. Uit die dorpie Nasaret het mense saamgestap, gesinne en groter families, ouer mense en kinders wat in groepies saamspeel en vooruit hardloop – 'n bekende gebeure, 'n ou ritueel. In die tempel sou pa's saam met hulle seuns die gebruikelike offer aan die priester oorhandig en dankbaar die verlossing uit Egipte herdenk. "Wanneer jou seun jou dan in die toekoms vra ... moet jy hom antwoord" (Deuteronomium 6:20). Dit was 'n oefening in geloofsvorming, die inskerp van die verbondsvereistes, 'n inleef in die vellossingsverhaal. Die seun Jesus was toe twaalf jaar oud. Alles wat dié jaar daar gebeur moes hy inneem, want die volgende jaar, op dertien, word hy 'n *bar mitzvah*, so volwasse dat hy dan verantwoordelik vir sy daede en keuses beskou kon word.

II

Maar dan gebeur die onverwagse. Na hulle reeds op hul terugtog 'n dagreis ver gereis het, ontdek Josef en Maria hulle kind is weg. Angstig draai hulle terug Jerusalem toe, soekend. Uiteindelik kry hulle hom in die tempel, waar hy by die rabbi's sit en van hulle leer. Maar in werklikheid is die bordjies verhang; dis die seun wat die Skrifgeleerdes onderrig. Daar is iets uitsonderlik aan dié kind. "Almal was verbaas oor sy kennis en insig", staan hier. Dis egter te verstane dat dit op daardie oomblik nie eintlik sy ouers beïndruk het nie; hulle was te beangs, te verslae, te kwaad selfs. Kind, waarom doen jy ons dit aan, om sommer net so sonder ons wete hier agter te bly! Hulle was gewone ouers, bekommerd; die seun was nog blote kind! Mens kan hulle kommer begryp.

As die seun Jesus hulle dan antwoord, raak alles net nog meer vreemd, onbegryplik, soos 'n diepe misterie. Dis asof hy hulle hul onbegrip verwyf. "Waarom het u na my gesoek? Het u nie geweet..." En dan breek 'n uitsonderlike moment aan, 'n draaipunt in die Jesus-verhaal. Die heel eerste woorde uit die mond van Jesus wat opgeteken is, is as dié seuntjie van Josef en Maria self sy werklike identiteit bekendmaak, verklaar dat sy besig-wees met sy Vader se dinge sy diepste wese is, sy eintlike roeping. "Het u nie geweet dat Ek met die dinge van my Vader besig moet wees nie?" Mens kan dit ook vertaal met: "...in die huis van my Vader tuishoort nie?" Hy is nie 'n gewone mensekind nie. Daar is 'n innige verbondenheid tussen Hom en die Vader, 'n eenheid. Hy is 'n mensekind ja, maar tegelyk ook goddelik – één met sy Vader.

III

Vir sy ouers was dit toe nog alles onverstaanbaar. Veelseggend staan hier: "Hulle het nie begryp wat Hy daarmee bedoel het nie." Op 'n manier is hulle nie soos sy ouers nie. Dit is hulle wat nie verstaan nie, en wat daarom deur die Kind reggehelp moet word, net soos Hy ook die Skrifgeleerdes geleer en onderrig het. En tog skryf Lukas net hierna hoe hierdie selfde Jesus-kind aan sy ouers gehoorsaam was, soos 'n gewone, voorbeeldige seun in hul huis...

Al het Maria dit nie verstaan nie, het sy al hierdie onbegryplike dinge in haar hart gebêre. Soos sy die vreemde aankondiging van die Engel destyds ook in haar hart bewaar het ... 'n vermoede van 'n misterie, 'n geheimenis wat bokant haar menslike verstand uitgegaan het.

'n Vreemde verhaal, wat vol onbegrip en misterie eindig.

IV

Wat leer ons hieruit? Wat wil dit vir ons vandag, hier aan die begin van 'n onbekende, nuwe jaar vol onsekerheid en angs, sê?

- (1) Die verhaal kondig aan dat Jesus Christus tegelyk mens en God is, seun van Josef en Maria, maar ook Seun van die Vader. Hierdie aankondiging hoor ons hier die eerste keer uit die mond van die seun uit Nasaret, as 'n openbaring, as 'n bewustelike self-bekendmaking van wie Hy werklik is.
- (2) Hoe dit moontlik is om tegelyk God en mens te wees, hoe God in Christus Jesus mens kom word het, die grens tussen God en sy skepping kom oorsteek en tussen ons kom woning maak het, een van ons, een soos ons kom word het – terwyl Hy tegelyk ook God gebly het – dit gaan ons verstand te bowe. Soos Josef en Maria verstaan ons dit ook nie.
- (3) Dit is 'n geheimenis wat ons nie eers moet probeer opklaar of ontrafel nie. Want as ons dit probeer doen, is die gevaar groot dat ons óf die menslike óf die goddelike kant van Christus se wese sal oor- of onderbeklemtoon. Wie sy mensheid oorbeklemtoon, maak Christus bloot tot 'n navolgenswaardige heldefiguur, 'n mens wat vir ons 'n mooi voorbeeld kom stel het, ons van God kom leer het, heroïes vir ons kom ly en sterf het. Wie aan die ander kant weer sy goddelikheid oorbeklemtoom, neem iets weg van die wonder dat Hy ook eg mens kom word het, gely het, pyn en verwerping ervaar het soos 'n gewone mens, as mens in ons ellende ingedaal het, Hom volledig met ons kom identifiseer het. Daarom moet ons bly vashou aan die paradoks dat Hy tegelyk mens en God was, volkome mens en volkome God – 'n misterie.
- (4) Maar juis in hierdie geheimenis lê ons diepste troos, ook as ons die nuwe jaar met al die onsekerheid en angs ingaan. Christus Jesus, die Seun van God, het Homself ontledig, sy gelykvormigheid aan God prysgegee en soos een van die geringstes onder ons kom word. Hy het Homself tot die dood toe verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem. Maar Hy het ook weer uit die dood opgestaan, die boosheid en ellende oorwin, opgevaar na die Vaderhuis, waar Hy nou aan die regterhand van God sy Vader sit. Daar tree Hy vir ons in, daar herinner Hy die Vader aan ons menslike broosheid, daar pleit Hy vir ons, vir ontferming en genade. Vandaar stuur en rig die Vader en die Seun die Heilige Gees – die Gees van die Opgestane

Christus – as Trooster, as Vernuwer, as Heelmaker, as Begeleier, as die Vader en Seun se kragtige teenwoordigheid by en in ons. Christus Jesus, wat as swakke mens in ons lyding en broosheid neergedaal en dit oorwin het, sit nou aan die regterhand van God almagtig, één met die Vader. Dis Hy wat belowe het: “Aan my is alle mag in hemel en op aarde gegee ... en kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld”

V

Al verstaan ons regtig nie hoe dit werk nie, hoe dié seun van Nasaret tegelyk ook één met die Vader kan wees nie, kan ons dit soos Maria in ons harte bêre, dit opdiep en onthou as die angs ons wil oorweldig ... en ons dan daaraan verwonder.

Amen